# Wysies, Wysheid en Wonders

## Maria se Kerslied

Gerhard de Jager | Eden Gemeente | 14 Desember 2025

Dis Kerstyd.

Oral om ons is Kersbome, liggies, geskenke en liedjies. En al hierdie dinge is eintlik, bewustelik of nie, 'n uitroep wat sê: *Kom hoor* die storie. Kom hoor die storie wat *alles* verander!

Die storie van Kersfees begin by die heel begin, die begin van alles.

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.

Daar was niks. Dit was onbewoonbaar, leeg, koud, donker.

Die storie begin met donkerte.

Maar God wou lig hê, en Hy het gesê: "Laat daar lig wees!" Skielik, met 'n reuse-ontploffing, begin die Son te brand. En daar was lig.

Die son, die brandende bol vuur in die lug, is 'n bron van lewe. Sonder die son kan niks op aarde leef nie. Die son en die lig wat dit bring, is nodig vir alles om te leef.

En God begin met die skepping. Hy begin werk en maak die vormlose aarde 'n plek van vorm. Hy maak die land en die see, die mooiste strande en berge, maar dis nog steeds leeg.

Hy begin die leegheid vul met plante, die mooiste mooi, bome, blomme. Maar daar kort iets: diere, insekte, visse, akkedisse, krokodille en meerkatte.

Kyk net hoe mooi!

Maar dis nog nie 100% reg nie; daar kort iets. Die beste vir laaste: die een wat net soos God lyk.

Dis nou perfek! Van 'n woeste, leë, donker massa na 'n perfekte prentjie, vol lig, vol vreugde, vol vrede.

Maar dit is ongelukkig nie waar vandag se storie eindig nie. Hierdie storie maak 'n baie donker draai.

Die beste deel van die skepping weier om te buig en alles wat perfek is, breek. En donkerte vind weer 'n inkomplek.

Hoogmoed, selfsug, haat, wraak en bitterheid kom breek die perfekte prentjie en maak dit donker. Baie, baie donker.

Hierdie donkerte bring 'n skeiding tussen God en mens.

En weer is die mens op die plek, net soos in die begin.

En hul harte was woes en leeg, en duisternis was oral om hulle. Daar is nie hoop nie. Alleen, leeg, koud.

Maar dit is ook nie waar die storie vandag eindig nie, want God het weer iets gesê:

“Laat die lig kom!”

En dít is die storie van Kersfees.

Dis die storie waaroor meeste van ons Kersliedere gaan: *Joy to the World*. En te midde van al die sentimentele Kersliedere wat vir ons hierdie storie vertel, is daar 'n paar liedere wat uitstaan. En dit is waaroor ons in hierdie Kersreeks gesels. Vandag se lied is 'n lied van 'n jong, ongetroude meisie wat gesing het nadat sy uitgevind het die Skepper van die heelal is besig om in haar baarmoeder te vorm.

Die lig vir die wêreld.

Vandag wil ek jou nooi om saam met my te reis deur 'n paar idees en stories oor hierdie wonderlike lied van Maria. En ons gaan dit doen deur te kyk na:

- Iets oor Hitler
- Toegang
- Soetkoek
- 'n Teleskoop

Hierdie vier goed gaan ons iets vertel van Maria se groot lied.

Dietrich Bonhoeffer was 'n pastoor en teoloog wat deel was van die Duitse verset wat Hitler wou uitwis. Bonhoeffer het die brutaliteit van totalitêre mag eerstehands geken. Hy het sterk daarteen gepreek. Hy is in April 1943 gearresteer en op 9 April 1945 tereggestel oor sy lering. Hy het die volgende oor Maria se Kerslied gesê:

*It is the most passionate, the wildest, one might even say the most revolutionary Advent hymn ever sung.*

Bonhoeffer sê dit, want hierdie woorde van hierdie lied, is die soort woorde wat wêreldmagte bedreig, en hy het dit eerstehands beleef toe hy gearresteer is oor hierdie soort leer.

Hierdie lied was verban in Argentinië, Guatemala en Indië rondom die 1980's, juis oor die vrees van wat dit verkondig. Dis 'n lied wat ons inspireer om te glo dat God die een is met al die mag, oor alle maghebbers, selfs oor die dinge wat ons treiter en magteloos laat voel.

Kom ons lees weer hierdie lied:

**Lukas 1:46-55**

46 ... My siel maak die Here groot, 47 en my gees is verheug in God, my Saligmaker; 48 omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem. 49 Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam. 50 En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees. 51 Hy het deur sy arm kragtige dade gedoen. Hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi. 52 Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog. 53 Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur. 54 Hy het sy kneg Israel bygestaan, sodat Hy aan sy barmhartigheid sou dink — 55 soos Hy tot ons vaders gespreek het — aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

Hierdie is 'n absoluut revolusionêre lied. Dit onderstreep die andersheid van God se Koningkryk. Die hoogmoediges en maghebbers is nie bo-op die lys nie. Dis die nederiges, die

armes en die verstote mense wat verhoog word. Dis juis die rede hoekom iemand soos Dietrich Bonhoeffer dit sê oor die lied.

Want as jy ook die woorde van hierdie lied glo, dan maak dit nie saak wat gebeur nie. Niks kan ons onderkry nie, want my God is magtig.

Maria is 'n jong meisie tussen die ouderdom van 13 en 17, en 'n engel verskyn aan haar met die grootste nuus, maar terselfdertyd die soort nuus wat jou asem wegslaan.

Sy gaan die moeder word van die Messias. Wat 'n oomblik! Dink net daaraan: vir jare en jare het die Joodse meisies geweet die Messias gaan gebore word, en sekerlik het elke meisie, elke ma, elke ouma gehoop, "Dalk is ek die een."

Maria kry die nuus deur 'n engel wat voor haar staan en sê: "Maria, dis jy. Jy is die begenadigde."

En dan is die engel weg. Dink jouself in die oomblik in.

Skielik is Maria alleen in haar kamer. Sy het sopas die grootste nuus in die wêreld gehoor. Stel jou net die stilte voor. Waar daar oomblikke terug 'n hemelse boodskapper was, is dit nou net stil, terug na die gewone. En Maria is alleen. Alleen met hierdie nuus wat so groot is dat jy vir jouself kan vra: "Maar wat is die kans? Het ek dit nie gedroom nie?"

Maria oordink wat die engel gesê het, en sy onthou wat die engel van Elisabet gesê het:

36 ... Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.

Elisabet is familie van Maria, en hier vertel die engel vir Maria van die wonderwerk wat in Elisabet se lewe gebeur het. Sy het Johannes die Doper in haar baarmoeder.

Elisabet is ver gevorderd in jare en sy is onvrugbaar. Maria weet dit van haar, en Maria weet dat as sy by Elisabet kom en sien sy is swanger, dan sal sy weet hierdie nuus is waar.

Maria is toe haastig op pad daarheen. Maria het versterking nodig gehad, iemand met wie sy kon deel. Want wie anders sal haar storie glo? Elisabet sal, want sy het ook die wonder beleef dat God enigiets kan doen.

En in die ontmoeting tussen Maria en Elisabet word Elisabet gevul met die Heilige Gees. Johannes die Doper spring in haar baarmoeder, en sy bevestig die woorde van die engel. En Maria, in 'n totale verwondering, sing sy hierdie lied.

'n Lied wat sê: God het al die mag, selfs oor die dinge wat jou magteloos voel.

As 'n mens net kyk na wie God in die storie gebruik, is dit baie bemoedigend. Die hele verhaal vertel ons iets van wat gebeur met die persoon wat, soos Maria en Elisabet, met 'n nederige hart hulself beskikbaar maak.

Jonk en oud word gebruik, maar ook die wat onbelangrik is.

As ons so 'n paar maande vorentoe spring in die storie by Jesus se geboorte, is daar weer engele wat verskyn, maar die keer aan herders in 'n veld. Hierdie onderstreep weer dit wat in Maria se lied gesing is:

52 Maghebbers het Hy van trone afgeruk en nederiges verhoog.

Herders was gesien as die laagste vorm van arbeid beskikbaar – die toonbeeld van ongeskoolde arbeid, 'n werk wat dikwels aan kinders of trekarbeiders gegee is. As jy as 'n

Joodse volwassene nog 'n herder was, is dit as 'n totale lewensmislukking beskou. Hulle was so lae klas dat hul getuienis nie eers in die hof oorweeg sou word nie, tensy dit deur iemand anders geverifieer is.

Daarom is daar sekerlik, in ons menslike verstaan, 'n hele paar ander, beter plekke waar die engele die groot aankondiging van die koms van Jesus kon gee. 'n Beter plek waar die engelkore kon sing, wat dalk die storie meer geloofwaardig sou maak.

Hulle kon in die luukse paleis van Herodes verskyn het, net 'n paar kilometer verder.

Hulle kon Rome, die hoofstad, gekies het, wat eintlik meer sin sou maak, want dit was die politieke en ekonomiese spilpunt van daardie tyd. Dis meer gepas, en die nuus sou baie vinnig versprei het.

Of hulle kon eerder die hoëpriester se kamers in die tempel in Jerusalem gekies het.

Maar in plaas daarvan is Jesus se geboorte aangekondig aan 'n groep naamlose, ongeletterde herders, in 'n naamlose veld in 'n onbekende deel van Israel.

Hoekom? Want die hele Kersverhaal vertel die storie van toegang.

Almal kry toegang. Jesus word in 'n krippie neergelê, nie in 'n troonkamer nie.

Enigiemand kan na 'n krip kom; dit is nie intimiderend nie. Dis 'n plek waar selfs skaapwagters welkom sou wees. Selfs die “laagste” mense van die samelewing het toegang tot Jesus gekry.

En God kies hierdie mense om oor en oor te gebruik in die storie.

As ons weer teruggaan na Maria toe: Maria was ook 'n niemand, 'n onbelangrike persoon van 'n onbelangrike deel van die wêreld.

In alle opsigte was Maria 'n niemand in die samelewing. Sy kom van Nasaret, 'n plek waaroor daar gesê is: “Kan daar iets goeds uit Nasaret kom?” (Johannes 1:46).

Sy was ook sosiaal 'n niemand, en sy weet dit. En ek vermoed dis die rede hoekom sy dit amper nie kon glo dat sy die een is nie.

Haar eie woorde in die lied sê dit:

48 omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het;

Nederige toestand. Sy praat hier heel moontlik van hul sosiale status. Ons kan in die Skrif sien hulle was brandarm gewees. In Lukas 2 lees ons dat toe Josef en Maria tempel toe is om te offer, het hulle twee duiwe geoffer, wat die voorskrifoffer was vir die armste van die armes.

En sý is die moeder van die Messias. Geen wonder die mense het gesukkel om te glo dis Hy nie, want Hy kom op 'n manier om vir die wêreld te wys: jy het toegang, jy kan kom.

Kyk wat sê die engele wat aan die herders verskyn het:

14 “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!”

Die hele verhaal van Jesus se geboorte wys vir ons in wie Hy 'n welbehae het. Die mense wie Hy wil gebruik. Jonk, oud, ryk, arm – almal wat bereid is om te kom, gebruik God. Almal kry toegang.

Maar wat hierdie lied vir my so wonderlik maak, is dat dit nie net woorde is wat Maria gesê het nie; dit vertel ons iets van haar lewe.

48 omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het;

Sy weet wie sy is. Sy is 'n diensmaagd, 'n soort slaaf. Ek behoort nie aan myself nie; ek behoort aan 'n meester. Hierdie woorde is iets wat in haar leef, meer as net woorde wat sy in die oomblik gesê het.

Maria vat nie enigiets net vir soetkoek nie. Nee, Maria was 'n denker.

Kyk wat gebeur toe die engel Gabriël aan haar verskyn:

**Lukas 1:28-29**

28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. 29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daaroor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.

Eerstens was sy ontsteld, wat verstaanbaar is. Sy is ongetroud, van 'n baie klein dorpie van ongeveer 200–400 mense. Almal gaan weet sy is swanger, en niemand gaan haar glo nie.

Maar dan, die tweede deel is wat my tref: sy het daaroor nagedink. Hierdie is 'n gereelde patroon in Maria se lewe. Sy was beslis 'n denker. Sy het nie net die stroom van die samelewing gevolg nie, want meeste meisies van haar ouderdom, veral in 'n agtergeblewe plekkie soos Nasaret, was ongeskoold. Maar nie Maria nie.

Sy is 'n denker. Sy het eers nagedink wat hierdie groet van die engel beteken: *begenadigde*. Die woorde van die groet bly by haar; sy oordink dit. *Hoe is ek 'n begenadigde?*

Sy meet dit teenoor wat sy van die Skrif ken, en hierdie is vir my so wonderlik, want sy was 'n aktiewe teoloog. Sy was nie 'n passiewe, stil figuur wat net “ja” gesê het nie. Sy het God se optrede aktief verwerk en daaroor gekontempleer.

En toe sy die bevestiging kry deur Elisabet, toe kom alles bymekaar vir haar. Die woorde van die engel maak nou sin.

Want in hierdie lied wat sy sing, haal sy omtrent 15 verskillende dele van die Skrif aan, uit vyf verskillende boeke in die Ou Testament.

Dalk – ons weet nie – nadat sy die nuus van die engel gekry en nagedink het oor wat hy gesê het, het sy dalk na die sinagoge toe gegaan en die boekrol van 1 Samuel 2:1-10 gaan kry. Waar die lofsang van Hanna is. En sy het dit gelees en nagedink, want dis onder andere wat sy aangehaal het in hierdie lied van haar.

Maria het geweet die Skrif is die plek waar sy haar antwoorde kry, waar sy haar wysheid kry. Sy het die Skrif nie net gelees nie; sy het dit geken, uit haar kop uit.

In daardie oomblik is Maria in 'n onmoontlike situasie, en wat kom uit haar uit? Die Skrif.

Soos Jesus se woorde in Lukas 6:45: “...want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond.” Dis ook presies wat Jesus op die kruis gedoen het toe Hy Psalm 22 aangehaal het.

Wat doen ek en jy in sulke oomblikke? Wat kom uit ons uit? Wat ook al dit is wat jy insit, is wat gaan uitkom in die oomblikke van magteloosheid.

Maria weet wie haar God is en dat Hy mag het, selfs oor die dinge wat ons magteloos laat voel, want sy het Hom leer ken in die Skrif.

**Psalm 8:4-5**

4 Wanneer ek opkyk na die naghemel en ek sien die werke van u vingers, die maan en sterre wat U in hulle plekke geplaas het, 5 wat is die mens dat U aan hom dink, die mensdom dat U vir hulle omgee?

Maria se lied eggo hierdie idee: U is genadig.

Die engel verskyn aan Maria om haar te vertel wat gaan gebeur, en toe is die engel weg. Die engel het nie weer aan haar verskyn nie. Eers 'n hele paar maande later word Jesus gebore, in die normale verloop van Maria se lewe.

Daar was nie engelkore by Jesus se geboorte nie; daar was nie musiek en gesange om hulle nie. Daar was dalk 'n donkie wat skreeu in die een hoek, perde wat runnik. En hier, in die doodnormale warboel van die normale lewe, ontvang die jong meisie, onseker en bang, die Koning van die konings in haar arms.

Geen groot oomblik nie; dis net normaal.

En dan kom daardie herders wat die engele beleef het en vertel wat hulle beleef het. Dit wat hulle sê, is 'n bevestiging. Dit herinner weer aan die bevestiging wat Elisabet haar gegee het.

En weereens, kyk hoe reageer Maria:

19 Maria het alles wat gesê is [deur die skaapwagters], onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.

Die Engelse vertaling sê: *she ponders and treasures it in her heart*.

In Grieks beteken die woord *ponder* om iets in konteks te plaas, om te vra: "Hoe maak hierdie sin?" Met ander woorde: "Hoe moet ek reageer op alles wat gebeur het?"

Oor en oor het Maria hierdie ritme gehad van stilword, *to ponder*, te oordink. Die woorde het in haar begin woon. Dit laat my dink aan die woorde van Paulus aan die gemeente in Kolossense:

**Kolossense 3:16**

Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

Kom ons doen wat Maria gedoen het, en vra jouself af: hoe moet ek reageer?

Die Woord van God kom nie altyd na ons toe met 'n engel nie, maar kom na ons toe in die normale verloop van die lewe: 'n kerkdiens, 'n gesprek met 'n vriend, in jou stiltetye, in Sy Woord.

Hoe reageer ek daarop? Wel, Maria se lied gee ons 'n idee:

46 ... My siel maak die Here groot, 47 en my gees is verheug in God, my Saligmaker.

Dit voel vreemd om hierdie te sê, want hoe kan my siel die Here groot maak? Die hele lied is om te sê God het die laaste sê, Hy het al die mag. Hoe maak my siel Hom groot?

Wel, dis soos 'n teleskoop.

Vroeër die jaar het ek en my gesin gaan kamp in Sutherland, in die winter. Ja, jy het reg gehoor. Ja, ons het gekamp, en ja, dit is Sutherland in die winter, en nee, niemand het ons gedwing nie.

Dit was 'n wonderlike belewenis, veral die sterre. As jy so opkyk na die hemelruim, is daar ontelbare biljoene klein, flikkerende liggies. Dis pragtig. Maar dis hier waar jy sien hoeveel anders 'n teleskoop werk teenoor 'n vergrootglas.

'n Vergrootglas maak dit wat klein is, groter, sodat jy dit kan sien.

'n Teleskoop wys jou eintlik net hoe groot iets werklik is. Dit maak dit nie groter nie; dit wys jou net hoe klein jou idee van daardie kolletjie is, en hoe groot dit in werklikheid is.

En dis wat Maria hier sê: God se Woord is my teleskoop. My lewe is ook 'n teleskoop.

My reaksie daarop is: hoe kan ek die onsigbare God sigbaar maak deur my lewe?

En oor en oor sien ons hoe Maria haar vertroue in God sit, want sy weet wie Hy is.

48 omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem. 49 Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam.

Here, U weet ek is 16 en 'n maagd. Ek het baie moeilike gesprekke wat voorlê. Dankie dat U vir my in my onmoontlike, magtelose oomblikke U grootheid wys.

Hierdie Kersfees... God sien jou situasie.

Hoe reageer ek daarop?

John Stott het gesê:

*If you read the Bible, you'll see that nobody who ever met Jesus Christ ever had a moderate reaction to him. There are only three reactions to Jesus: they either hated him and wanted to kill him, they were afraid of him and wanted to run away, or they were absolutely smitten with him and they tried to give their whole lives to him.*

Die storie van Kersfees nooi ons om te buig. Om af te klim van die troon van my lewe.

Sodat die lig kan inkom in die donker, duister, woes en leë plekke in my hart. Kom vul.

Dis hoekom Jesus gebore is: sodat Hy kruis toe kon kom vir jou. Jy het toegang. Kom. Kom na die Skrif en beleef die grootsheid van Christus, en mag jou lewe die onsigbare God sigbaar maak in die wêreld.